


Bedieningsgawes van die Heiliges

Neil Marnewick, 12 Junie 2015

Romeine 12:1-12 verduidelik dat die kinders van die Here almal deel is van die liggaam van Christus en dat daar verskille is tussen ons. Dit is so tipies van God se natuur om verskeidenheid in samesyn te bring. Elkeen van ons het sterkpunte en voorkeure en die Heilige Gees ontwikkel elkeen se potensiaal om 'n unieke sienswyse te hê. Ons neig dus in verskillende rigtings en elkeen het 'n spesiale doel in die Koninkryk, wat ook in 1 Kor 12:14-21 opgeteken is.

Dit sal ons baie help as ons kan verstaan hoe pas die verskillende persoonlikhede en gawes in die Liggaam by mekaar in, sodat ons goed kan saamwerk. Ons behoort onself en ander te kan identifiseer en dan mekaar se gawes en maniere te respekteer en aanvul.

Bedieningswiel van die Liggaam van Christus



Oorsig:

Die bogenoemde wys hoe die bedienings inpas by die wat naaste en verste van mekaar af is. Elkeen neig na sekere aspekte van Jesus (Leeu, Arend, Lam en Mens) en elkeen verkies hulle platform vanwaar hulle werk (Woord, Beginsels, Menslikheid, Gees) Die bedienings aan die bokant regeer makliker mense en diegene aan die onderkant gee en dien maklik mense.

Elke bediening het sy tyd en plek om in die Koninkryk te dien. Al die kinders van die Here is belangrik, sodat die wiel in balans kan wees en dit gemaklik kan draai. (Jesus se karretjie, die evangelie, moet plekke heen kan gaan.)

Leraars (Lukas)

“Die Woord sê...”

- + Die leraar hou daarvan om die Woord en feite te bestudeer en waardevolle inligting weer te gee. Hulle lê die beginsels en waarhede uit beter as ander, sodat almal elke hoek en draai daarvan kan verstaan. Leraars maak seker van hulle feite en het dus nie baie vyande nie, behalwe diegene wat nie van die waarheid hou nie. Leraars stel die norme, waardes, prosesse en metodes voor die kinders van die Here, sodat hulle die regte besluite kan maak.
- (Onvolwasse) leraars sal eerder praat oor wat gedoen moet word en mense los om hulle eie besluite te neem. Hulle mag koud en teoreties voorkom. Party leraars mag trots word op al hulle kennis.

Leraars het die geduld om 'n saak mooi uit te kyk en dit is baie nodig in die Koninkryk. Wanneer jy die Woord bestudeer, laat die Heilige Gees dit vir jou opbreek. Onthou dat mense jou aandag en liefde nodig het en nie net jou kennis nie.

Profete (Jona, Elia)

“So sê die Here!”

- + Profete is charismaties, soms dramaties en hulle is die wagers van die Koninkryk. Hulle openbaar die krag, waarheid en die vrees van God op dramatiese wyses. Hulle verstaan die gesproke Woord van die Here duidelik en wys die rigting aan. Hulle konfronteer sonde en ongeregtigheid sonder vrees. Hulle gawe help dat hulle maklik alleen in geloof optree ten spyte van teenstrydige omstandighede.
- Onvolwasse profete kan onstabiel, arrogant wees, of onwillig om na ander te luister. Jona was ongelukkig omdat Nineve hulself bekeer het, en ook toe die Here die wonderboom laat sterf het.

Profete kan die pad duidelik aanwys en die Liggaam het dit nodig. Laat jou woorde wees van stigting, troos, bemoediging en vermaning.

Uitdelers (Abraham, Job)

“Gee en vir jou sal gegee word...”

- + Uitdelers (E. “givers”) hou van gee en om mense die beginsels van gee te leer. Hierdie groep is baie keer suksesvolle sakemense, goed genetwerk met mekaar en hardwerkend. Hulle sien geleenthede vir finansiële voorspoed en bring dit in die Koninkryk in. Uitdelers is nie suinig nie, maar ook nie spandabelrig nie. Uitdelers hou van eenvoudige waarhede en maak voorsiening vir die toekoms en die nageslagte.
- (Onvolwasse) uitdelers kan 'n gebrek aan geloof hê en op hulself staatmaak. Hulle mag vasgevang word in werk en mensgemaakte planne vir die kerk en 'n droë geestelike lewe lei. Uitdelers kan mense afskrik as hulle aanhoudend oor geld en finansies praat.

Uitdelers bring verligting en ondersteuning van baie bedienings. Julle visie en skakels met ander mense is noodsaaklik. Ons eers God vir jou vermoëns en vir dit wat jy kan gee.

Bedieners (Koningin Ester, Josef – Jesus se aarde pa)

“Ek sal behoeftes help verlig!”

- + Die bedieners is gefokus om in ander se behoeftes te voorsien. Hulle help dat events glad verloop terwyl niemand daarop let nie. Hulle hou sokkombuise en stig dienssentrums, neem deel aan ouer-skool aktiwiteite en werksgroepe. Hulle is nederig en lojaal, standvastig en kan gewoonlik werk in onheilige omgewings sonder om gekompromiteer te word, want hulle diensbaarheid help met 'n nederige gesindheid.
- (Onvolwasse) bedieners vind dit moeilik om komplimente te hanteer, kraak hulself af en kla wanneer hulle nie erkenning kry nie. Hulle kan maklik geaffronteer word namens ander, wat konflik en murmurering kan veroorsaak.

Bedieners wys vir ons ander wat nederigheid is in stille opregte diens. Onthou dat alles wat jy doen, doen jy vir die Here en hy sien jou moetiewe. Daarom is jou werke kosbaar vir die Here. Rus genoeg!

Barmhartiges (Johannes)

“Kom sit by Jesus se voete!”

- + Die barmhartiges deel genade en liefde uit en laat mense gemaklik voel om oop te maak en te ontlaai. Hulle help mense se seer genees en trek mense nader, veral diegene wat deur ander verwerp word. Hulle is geduldig en kan mense leer sonder dat hulle bedreig voel. Hulle intimiteit met die Here is aanhoudend en diep. Hulle beweeg maklik in die geestesrealms en maak uitstekende aanbiddingsleiers. Hulle tel mense se bedoelings ook vinnig op.
- Die (onvolwasse) barmhartiges kan te sag wees met mense wanneer hulle 'n teregwysing nodig het, want party mense kan die ern van hulle boodskap mis. Hulle kan baie van plan verander of besluiteloos wees en lei aan selfverwerping.

Barmhartiges bring die liefde en genade van Here na die mense. Dit trek die wêreld op 'n sagte manier in. Julle het baie geduld met mense en laat elkeen spesiaal voel. Onthou om nie jouself met werk vir die Here te oorlaai weens jou passie nie.

Vermaners (Paulus)

“Kom ek help jou!”

- + Vermaners skakel maklik in met mense van alle soorte en kan gesels met die persoon agter die mure wat hy om hom gebou het. (Hulle groep doen die beste met rowwe mense.) Hulle leer mense deur praktiese voorbeelde, hulle eie getuïenisse of 'n stel instruksies. Hulle is visionêr en dink groot skemas en oplossings uit. Vermaners kan baie empatie en liefde gee, mense bedien, maar verkies om hulle daagliks te leer hoe om deur uitdagings en probleme te kom en wysheid te verkry.
- (Onvolwasse) vermaners kan oorhaastig raak en te vinnig gevolgtrekkings maak of dinge op die verkeerde tyd doen of sê weens ongeduld. Hulle kan verwerp voel as mense nie hulle leiding aanvaar nie. Hulle kan pens in pootjies in 'n ding in spring sonder om dit deeglik te ondersoek.

Vermaners kan met mense inskakel en die waarhede prakties oordra. Dit is nodig om ander te leer en bereid te wees om 'n pad saam met hulle te loop. Onthou om rustig te wees met jouself en ander, want Jesus het alles mooi onder beheer.

Voorgangers (Joshua, Gideon)

“Kyk wat kan ons vir die Here doen vandag!”

- + Voorgangers (organiseerders/bestuurders) kan mense mobiliseer om saam groot take effektief te verrig, sonder om bang te wees vir die risiko betrokke. Hulle is hardwerkend en lojaal en verwyder struikelblokke met gemak. Hulle weet hoe om mense in te span en om take verrig te kry wat die nageslagte kan bevoordeel. Voorgangers laat hulle nie afskrik deur teenstand of mense se gebreke en tekortkominge nie. Hulle kan elkeen laat waardevol voel.
- (Onvolwasse) voorgangers kan grootkop wees en te hard met sekere mense werk, want hulle “het nie tyd vir 'n ander se probleme nie”. Hulle kan ongeduldig raak deur te wag vir ander bedieninge om aanboord te kom. Hulle loop ook die risiko om te veel vertrouwe in hulself te sit en wat hulle kan bereik, weens hul sigbare resultate.

Voorgangers kan maklik mense organiseer om groot take vinnig te verrig. Julle kan maklik die pas aangee vir ander. Onthou om geduld te hê met mense en luister na die voorstelle van jou teenoorgesteldes.

Gewoonlik het elke persoon het een dominante eienskap, sy “default”, wat sy persoonlikheid beskryf. Daar sal een of twee ander voorkeure ook wees. Elkeen se kombinasie vorm 'n spesiale identiteit. Ontwikkel jouself op die ander gebiede sodat jy volwasse kan wees. Breek ook na links en regs uit en steek jou grense oor, om kragtig te kan wees.